

15 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 103:1-13
Fokusgedeelte: Psalm 103:2

Vergeet Hom nie

Psalm 103 is 'n geïnspireerde loflied waarin die HERE se weldade sentraal staan. Weldade is *goeie* daade, daade wat *reg* is. Die HERE doen wat reg is, daarom is dit altyd goed. 'n Regte daad kan nie anders as 'n *weldaad*, 'n *goeie* daad wees nie – ook al beleef ons, mense, dit nie altyd so nie.

Dawid brei breedvoerig uit oor wat die weldade van die Here is. Die eerste weldaad wat hy raaksien, is dat die Here al jou ongeregthede vergewe. Dan volg die tweede: die Here genees al jou krankhede, al jou ernstige siektes. Die derde: die Here verlos jou van die verderf, Hy red jou van die graf. Die vierde weldaad: die Here kroon jou met goedertierenheid en barmhartigheid. Daarmee saam die vyfde: die Here versadig jou met die goeie, sodat jy altyd jou jeugdige krag sal behou. Die sesde: die Here laat reg geskied aan almal wat onregmatig verdruk word.

Daar volg in die Psalm nog baie meer regverdige, goeie daade van die Here. Die grootste en heerlikste is dat Hy in Christus ons Vader is, wat Hom in liefde oor sy gelowige kinders ontferm.

Wat moet ons met al God se weldadige weldade doen? Ons mag dit *nie vergeet* nie. Inteendeel, ons moet die weldade van die Here *onthou* deur Hom daarvoor te dank, dit te besing, daarvan te geniet, daaroor te praat, ander mense daarvan te vertel. In plaas van om saam te kreun in 'n koor van sugtendes wat oor al die verkeerde dinge in ons land en wêreld kla, word ons as Christene geroep om saam te sing oor alles wat God in ons lewens so wonderbaarlik verlossend en goed en heerlik doen – al gaan dit by tye swaar met ons. Vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys!

Sing: Psalm 103:1 (1936)

Dr. GJ Meijer (Oos-Moot)